

8 Desember

God se genade bring ons tot dankbare lewensoptrede

Skrifgedeelte: Hebreërs 12:14-29

Fokusgedeelte: Hebreërs 12:28b

Die Hebreërbrief was gerig aan gelowiges uit veral die Jodedom wat stadig maar seker in die geloof begin verflou het. Daarom wys die skrywer hulle, onder leiding van die Heilige Gees, op God se optrede in die verlede. Kyk net hoe het Hy in die verlede teenoor julle voorouers opgetree! Hulle moes besef dat Hy die heilige God is. Hulle moes Hom met eerbied en ontsag dien en eer. Hulle was immers besonder bevoorregte mense. Hulle het God se Middelaar, Jesus Christus, geken wat die hemelpoorte vir hulle geopen het. Wat Hy vir hulle gedoen het, moes daarom ook hulle lewens raak!

Hoe kan 'n mens immers onaangeraak bly as jy waarlik besef wat Jesus Christus alles vir jou gedoen het? Hy het tog gekom om al die offers en heenwysings uit die Ou Testament te vervul deur sy bloed vir ons te stort en ons só te laat deel kry aan 'n ewige hemelse toekoms!

Ag, hoe maklik kan 'n mens nie in die geloof veragter nie! En jy? Het ook jy so stadig maar seker begin vergeet dat God oneindig groot is? Dat Hy heilig is? Het jou geloofslewe stadig maar seker sy glans en verwondering oor God se genade en liefde begin verloor? Het jou dankbaarheidslewe begin taan?

Onthou dan weer: Jy is 'n koningskind! Vir altyd 'n kind van die Here. 'n Wete wat jou tot diepe dankbaarheid behoort te bring. Dan sal jou lewe van dankbaarheid oor God se genade getuig! Dan sal jy Hom dankbaar dien met eerbied en ontsag, soos Hy dit wil.

Sing: Psalm 98:1, 2 (Totius)

Dr. Jac Howell (Heidelberg)